# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (22/10)

*Justin Chadwick (4 Junie 2010)*

GESEGDE VAN DIE WEEK *"If you think you can or you think you can't – you are right" Henry Ford*

## TUSSEN DIE DUIWEL EN DIE DIEP BLOU SEE

Dit lyk asof houer-operateurs besluit het om die opeenhopingsbybetaling in te stel ten spyte van hul "gewaardeerde kliënte" se besware, en vrae wat rondom sameswering en die wettigheid van so 'n opdrag ontstaan het. Die paar operateurs wat moeite gedoen het om op die CGA se brief te reageer, het 'n aantal redes vir die bybetaling gegee – waarvan geen as gevolg van enige aksie of traagheid van die vrag-eienaar was nie – almal was weens aksies van daardie partye wat by die staking betrokke was. Ongelukkig is die werklikheid dat uitvoerders voor Hobson se keuse gestaan het wanneer hul die verskepingsfaktuur stuur – of betaal (insluitende die opeenhopingsbybetaling) of jou houer gaan nie verskeep word nie. Soos een van die houer-operateurs aan my gesê het – jy het geen keuse nie (klink nie vir my na 'n vrye mark nie). Uitvoerders wat betaal moet die volgende verklaar wanneer hul die betaling doen – "Ons aanvaar nie aanspreeklikheid vir hierdie koste nie. Ons betaal onder protes, sonder om afstand van ons regte te doen". As gevind sou word dat die bybetaling onwettig is, of as dit teenstrydig met die Wet op Mededinging is, kan 'n eis ingestel word om hierdie bedrae terug te eis. Produsente en uitvoeragente het by die Sitrus Bemarkingsforum (CMF) verlede week ooreengekom om die Mededingingskommissie in verband met die opeenhopingsbybetaling te nader. Die sagte- en subtropiese vrugsektore het by sitrusbedryf, as deel van die aksie wat nou in die proses is, aangesluit.

## ISPM 15: MERK VAN PALETTE

Dit lyk asof ons elke jaar dieselfde probleem het - met die verkeerde of onwettige merking van palette in terme van die ISPM 15 merk en net so ontstellend is die swak gehalte van baie palette. Wat is die sin daarin om vrugte van R10 000+ op 'n nie-standaard palet te pak om sodoende 'n paar rand te spaar. Die palette breek en daar gaan al jou besparings en meer.

Die Department van Landbou, Bosbou en Visserye (DAFF) het die sitrusbedryf in terme van ISPM 15 merke as volg ingelig: "In alle gevalle waar DAPIS fitosanitêre inspeksies gaan uitvoer en vind dat die houtverpakkingsmateriaal nie aan die vereistes voldoen nie, sal die inspeksie lot **vir uitvoer na alle markte** afgekeur word. As die palette nie gemerk is nie, sal die kartonne met vrugte op palette, wat aan die ISPM 15 se vereistes voldoen, gepak word. ISPM 15 se vereistes is ***Merk moet leesbaar wees***Gemerk op twee teenoorgestelde kante ***Merk moet permanent wees ***Merk mag nie in rooi of oranje gedruk wees nie***Palet mag nie met meer as een merk met verskillende kodes gemerk wees nie.

## GEPAK EN VERSKEEP

**Pomelo's** wat gepak is, is minder as verlede jaar, terwyl verskeping omtrent die helfte van 2009 se syfers is. Verpakking van **Nawels** is goed voor op die afgelope twee jaar. **Sagte sitrus** wat gepak is, is steeds meer as verlede jaar maar is op dieselfde vlak as 2008. Die Sagte Sitrus fokusgroep was die enigste groep wat hul skatting aangepas het – 'n verdere 300 000 kartonne is by die laaste voorspelling bygevoeg (400 000 meer as die oorspronklike skatting). **Satsumas** wat tot op datum gepak is, is 1.88 m – amper in die kol met die oorspronklike skatting van 1.883 m.

Met drie skepe wat na Japan vertrek het, is die persentasie van **pomelo's** wat nou na Japan verskeep is 39% (2009-27%), maar weereens is persentasies misleidend. In der waarheid is minder vrugte na Japan versend (2010-870 000 kartonne; 2009-1.1 m kartonne). Op 'n persentasie basis het Rusland meer ontvang (2010–19%; 2009–6%) terwyl Noord-Europa minder ontvang het (2010-31%; 2009-44%). Minder **suurlemoene** is na die Midde-Ooste (2010-39%; 2009-47%) en Verre-Ooste (2010-7%; 2009-17%) verskeep, met toenames in Rusland (2010-21%; 2009-13%) en Noord-Europa (2010-14%; 2009-7%); dit kan wees as gevolg van die staking en probleme om markte te voorsien wat hoofsaaklik deur houers bedien word. Die VK het minder **sagte sitrus** ontvang (2010-43%; 2009-62%), terwyl Rusland meer ontvang het (2010-17%; 2009-9%). Noord-Europa is gelyk met verlede jaar (2010-21%; 2009-19%).

| Tot Week 20<br>Miljoen 15 Kg kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronkilke Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak | Finaal Verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2008 | 2009 | 2010 | 2009 | 2010 | 2010 | 2010 | 2009 | 2009 |
| Pomelo's | 6.3m | 6.7m | 5.9m | 4m | 2.2m | 12.6m | 12.2m | 14.2m | 13.7m |
| Sagte Sitrus | 4m | 3.2m | 4m | 2m | 2.5m | 7.5m | 7.9m | 6.8m | 6m |
| Suurlemoene | 5m | 3m | 4.4m | 1.8m | 1.9m | 9m | 9m | 8.7m | 7.7m |
| Nawels | 3.9 m | 3.9m | 4.6m | 1.1m | 1.4m | 21.4m | 21.4m | 19.4m | 19.1m |
| Valencias | - | 0.2m | 0.1m | - | - | 41.3m | 41.3m | 38.5m | 35.3m |
| | 19.2m | 17m | 19m | 8.9m | 8m | 91.8m | 91.8m | 87.6m | 81.8m |

**PRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR DIE AKTIWITEITE VAN DIE CITRUS GROWERS' ASSOCIATION, SITRUS AKADEMIE EN CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL**